

**8 Augustus**

**1 Kronieke 1-3**

### **Openbaringsgeskiedenis in 'n neutedop**

Name, name, name...!

Vervelige leesstof? Slaan u ook die geslagsregisters maar liewer oor?

Vir diegene wat hulle Bybel ken, vertel die geslagsregisters egter die geskiedenis in 'n neutedop. Dit is nie maar bloot name nie, maar elke naam roep 'n stuk openbaringsgeskiedenis na vore. Adam: skepping en sondeval; Set: maar voor Set was daar 'n Kain en 'n Abel en die eerste moord; Noag: die sondvloed; Sem, Gam en Jafet: die verdeling van die volke oor die aarde na die vloed. Soms is daar aantekeninge by om die geheue te verfris, soos onder andere by Nimrod, die gewelenaar en maghebber en by Peleg in wie se tyd die gebeure van die toring van Babel afgespeel het.

Dit is nodig om die geskiedenis te onthou. Alhoewel Kronieke hoofsaaklik oor die geskiedenis van die konings van Juda handel, word die koningsgeskiedenis met die inleidende hoofstukke binne die konteks van die wêreldgeskiedenis geplaas. God is nog van altyd af in beheer. Hy voer heerskappy oor alle volke en nasies, of hulle dit erken of nie.

Voel u soms vasgedraai in u eie klein wêreld? Voel u dit wat in die wêreld gebeur raak buite beheer. Lees dan maar weer hierdie geslagsregisters. Erken dat God van Adam af sy hand oor die geskiedenis hou. Hoe die mense ook al woel, God bly in beheer.

*Sing: Psalm 66:1,2*

*Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)*